



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uittrek na die wêreld.  
16 Januarie 2021

## Vanoggend

### Tema: Gesonde geloof

**Skrifgedeelte:** Joh 15:1-17 (teksvers: 4-5)

<sup>4</sup>Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.  
<sup>5</sup>"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.



Baie van ons het grootgeword met die idee dat jou saak met God reg is as jy die Here Jesus as jou persoonlike Verlosser aangeneem het. Dan is jou plek in die hemel as 't ware bespreek. Maar dit is nie die hele verhaal nie. Ons word nie verlos om God se kinders te wees, net maar om eendag in die hemel te kom nie. Ons word verlos om God se gestuurdes na die wêreld te wees. Ons word God se kinders sodat ons 'n verskil in die wêreld kan maak.

Jesus het gesê (vers 16): *Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou*

...

## Ons Program

### Vandag 16 Januarie: Nagmaal

- 📌 **Erediens** (Nagmaal) om 9:30 olv ds. Jaco Thom, orrelis Elmien Thom
- 📌 **Deuroffer:** ENGO
- 📌 **Verversings:** Wyk 3, baie dankie vir vandag se vervesings. Almal is welkom om iets te drink en te ete te kom geniet na die erediens.

### Maandag 17 tot Donderdag 20 Januarie: Week van Gebed om 18:00

Ons staan vanjaar by 'n paar gedeeltes in 1 Korintiërs stil. Die tema is:

**Christen-wees in 2022.** Kom ons begin die nuwe jaar op 'n hoogtepunt en verenig in gebed. Jesus het tog in Joh 15:5 gesê: *Sonder My kan julle niks doen nie.*

- 📌 **Maandag 17 Jan:** Hoe kyk jy na mense? (1 Kor 1:1-9)
- 📌 **Dinsdag 18 Jan:** Ons verkondig Christus (1 Kor 2:1-16)
- 📌 **Woensdag 19 Jan:** Nie selfvertroue nie, maar Godsvertroue (1 Kor 10:1-13)
- 📌 **Donderdag 20 Jan:** Geloof is 'n lewenswyse (1 Kor 15:1-2)

### Sondag 23 Januarie

- 📌 **Informele Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom, met die Ruach-musiekgroep olv John John van Niekerk
- 📌 **Sondagskool en kategeese** begin weer.
- 📌 **Deuroffer:** Kategeese Bydrae
- 📌 **Verversings:** Modderrivier Wyk

## Só glo ons

### Die Heidelbergse Kategismus

**Vraag 63:** Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en die toekomstige lewe wil beloon?

**Antwoord:** Hierdie beloning word nie uit verdienste nie maar uit genade gegee.

**Vraag 64:** Maak hierdie leer (dat goeie werke jou nie red nie) nie die mens onverskillig en roekeloos nie?

**Antwoord:** Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie.


## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

### Januarie

- 18 Flip Kotzé
- 20 Evan Sheppard



21 Hanco Hugo; Abel Tollemache; Reinette Watt

### Voorbidding

- ✍ Hannes Nieuwoudt – Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- ✍ Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardige gewas aan sy long.
- ✍ Janine van Jaarsveld – Sy maak (DV) hierdie week klaar met bestraling. Bid dat haar liggaam volkome sal herstel ná die uitmergelende behandeling.
- ✍ Chirlene Human – Ernstig siek in die hospitaal.
- ✍ Phillip du Plessis – Herstel by die huis ná trombose in die long.

### Tweedehandse laerskoolklere (Jacobsdal)

Die diakonie vra vir enige tweedehandse laerskoolklere (Jacobsdal) wat gemeentelede by die huis het wat hul kan skenk aan die kerk vir herverspreiding. Klere kan Sondae in die voorportaal gelos word of by die kerkkantoor afgegee word.

## Vrouebediening

Neem asseblief kennis dat die aktiwiteite van die Vrouebediening nou weer aan die gang kom. Baie dankie vir almal se betrokkenheid. Kom ons ondersteun mekaar in hierdie vreemde tye en wees vrugbaar in die Here se diens, elkeen op ons eie unieke manier. Hiermee die program vir die eerste kwartaal. Liefde, Elmien Thom (voorsitter)

### Kwartaal 1: Ragab-groep (Wyke 2, 5 & Modderrivier)

Mev. Sorina Stander

12 Jan Skole open

16 Jan Nagmaal – Blomme

26 Jan Bestuursvergadering

6 Feb Dankbaarheidsbotteltjies

8 Feb Kerkraadsvergadering 18:00 – Verversings

16 Feb Kerkraadsvroue-vergadering 14:30

4 Mrt Wêreldbiddag vir Vroue

6 Mrt Nagmaal – Blomme en Nuusbrief

16 Mrt Bestuursvergadering (Bespreek basaar)

17 Mrt Skole sluit

## Ten Slotte

### Jesuïete-gebed vir die nuwe jaar

God, ons dank U vir 'n nuwe jaar.  
Mag elke lid van ons gesin bereid wees  
om nuut te begin, met 'n skoon lei.  
Ons weet dat U altyd gewillig is om ons te vergewe.  
Help ons om bereid te wees  
om onself te vergewe, en ander ook.

Herinner ons hier aan die begin van die nuwe jaar  
aan ons egte waardes en diepste begeertes.  
Help ons om te lewe in die goedheid wat gebore word  
deur te doen wat U van ons verlang.  
Help ons om ons angstigheid oor die toekoms  
en die verlede opsy te skuif,  
sodat ons in vrede met U kan lewe,  
nou, een dag op 'n slag.

---

Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 [jaco@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za)  
Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 [ngkpetrusburg@gmail.com](mailto:ngkpetrusburg@gmail.com)  
Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 [elmien@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za)  
Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 [annamarie.dercksen@yahoo.com](mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com)  
Webwerf [www.ngkerkpetrusburg.co.za](http://www.ngkerkpetrusburg.co.za) *facebook* [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)  
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00  
Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001